23.11 RAPPORT 5: DEPUTATE PUBLIKASIES – KERKLIKE TYDSKRIFTE – *KRUISPAD* (Art 127)

A. Ds JG Noëth lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Inleidend

Karin Bain is as Redakteur in Augustus 2013 aangestel. Vanaf Augustus 2013 tot Julie 2014 het ons 4 uitgawes (26-29) uitgegee saam met ‘n spesiale uitgawe wat tydlyne van die Bybel behels en wat tans by die Administratiewe Buro vir ekstra inkomste verkoop word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Veranderinge aan die Tydskrif

2.1 *Algemene veranderinge aan die tydskrif aangebring*

2.1.1 Nuwe voorkoms wat modern is met minder abstrakte grafika en meer foto’s.
2.1.2 Die tydskrif is verander om by die heersende tendense in die media aan te pas.
2.1.3 Die artikels het meer subopskrifte gekry wat leesbaarheid vir jongmense verbeter.
2.1.4 Elke uitgawe het ‘n Bybelstudie.
2.1.5 Foto’s wat geplaas word, word baie streng vir kwaliteit en duidelikheid gekeur.
2.1.6 Spesiale taalversorging om die Afrikaans modern en maklik leesbaar te maak.
2.1.7 Nuwe grafiese ontwerper is aangestel wat goedkoop is en voorheen ‘n kunshoof was by ‘n bekende Afrikaanse tydskrif.

2.2 *Finansiële veranderinge*

2.2.1 Betaling aan grafiese ontwerper per uitgawe vir werk gelewer, in plaas van maandeliks.
2.2.2 Goedkoper drukkers en aanpassings aan tydskrif om goedkoper te druk.
2.2.3 Vermindering in salaris van redakteur.
2.2.4 Vermindering in die hoeveelheid komplimentêre uitgawes wat uitgegee word.
2.2.5 Vermindering in hoeveelheid ekstra kopieë wat gedruk word.
2.2.6 Eenheidskoste verminder van R58.03 na R44.04 wat die ekstra kopieë insluit.

2.3 *Intekenare*

Daar is 53 gemeentes en 210 individue ingeteken. Die totale aantal intekenare is 930. Ons sal graag hierdie getal wil verhoog na 1500, want dan sal ons eenheidskoste sodanig verminder en die tydskrif meer ekonomies maak. Intekening beloop R115 per jaar vir 4 uitgawes.

2.4 *Bemarking*

2.4.1 Gereelde briewe via die GKSA-poslys om bewusmaking te bevorder.
2.4.2 ‘n Paar kopieë na die kampe om as pryse uit te deel.
2.4.3 Baniere en intekenvorms na soveel as moontlik Sustersaamtrekke.
2.4.4 Briewe aan studentegemeentes om te vra vir intekening.
2.4.5 Briewe aan soveel as moontlik Klassisvergaderings.

2.5 *Digitale intekening*

Alhoewel navorsing aandui dat die jeug eerder harde kopieë lees en vertrou, kan daar digitaal ingeteken word op *Kruispad*. Ons het tans drie digitale intekenare. Dit sal slegs vir ons moontlik wees om die tydskrif deur ‘n toepassing soos Zinio of My subs te versprei as ons 10 of meer intekenare het. Anders sal die finansiële uitgawe te groot wees.

2.6 *Engelse jeug*

In die verlede was daar gewoonlik twee bladsye in die tydskrif wat ‘n Engelse artikel gehad het. Ons het verlede jaar ‘n splinternuwe Engelse tydskrif, *Crossroad*, die lig laat sien. Die tydskrif word gratis digitaal versprei of kan gekoop word as ‘n swart en wit afgerolde tydskrif. In 2013 het twee uitgawes verskyn en ons beplan om hierdie jaar weer twee uit te gee. Ons maak tans van vertalings gebruik, maar is besig om Engelse skrywers te werf.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.6 kennis geneem.

3. Vir die toekoms

Ons sal graag jaarliks ‘n publikasie vir die jeug die lig wil laat sien. Daar is ‘n groot leemte aan Gereformeerde Afrikaanse boeke vir die jeug. Hierdie sal ons teen ‘n wins wil verkoop. Ons sal dit as deel van die Jeugsorg-aktiwiteite wil bedryf.

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbevelings

Vermeerder die uitgawes na 2-maandeliks. Tydskrifte wat kwartaalliks verskyn, kry minder aftrek, omdat mense vergeet van die tydskrif. *Kruispad* kan eerder dunner wees en meer gereeld verskyn.

Kerkrade versoek hulle ouer jeug eerder op *Kruispad* inteken. As elke gemeente in die GKSA slegs 5 persone inteken, gaan ons die voortbestaan van *Kruispad* verseker.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

5. Ten slotte

Kruispad is ‘n besondere tydskrif wat ’n groot aanwins is vir ons kerke en het al soveel jare bestaan. Die tydskrif het baie gegroei en ontwikkel en dit sal ‘n groot verlies wees indien die tydskrif nie meer uitgegee word nie. Dit is elke volwasse gelowige se roeping om te sorg dat die tydskrif voortbestaan deur kinders en kleinkinders in te teken.

Besluit: Kennis geneem.